afrikaans.com

NUUSVRYSTELLING

21 Februarie 2018

Afrikaans.com se muurkunsprojek by Liebenberg Primêr skep trots en eiewaarde

"En juis daarom wil ek in Afrikaans dink, herdink, nuut dink en wonder. Ek wil stry, baklei, saamstem, saamgesels en droom in Afrikaans. Want Afrikaans is die taal van my hart ... en my kop." **- Abel Pienaar, Die Burger 2014-04-18**

Afrikaans.com se 2018-muurkunsprojek by skole in die Wes-Kaap, skop vanjaar op Internasionale Moedertaaldag, wat wêreldwyd op 21 Februarie gevier word, by Liebenberg Primêr in Malmesbury af.

Om hierdie spesiale dag te vier, het die Vriende van Afrikaans (VVA) 'n trommel vol heerlike Afrikaanse boeke aan Liebenberg Primêr geskenk. Sê die VVA: "Ons hoop om nog 'n lekker leespad met hulle te stap, en ook met ander skole in die omgewing."

Die muurprojek word vanjaar weer in die Wes-Kaap voortgesit en Afrikaans.com, in samewerking met ons vennote, die Afrikaanse Taalraad (ATR), die ATKV en FEDSAS, sal in die loop van die jaar mure by deelnemende skole verf en foto's en videomateriaal op sosiale media en op ons webtuiste (www.afrikaans.com) deel.

Die muurprojek herinner leerders, onderwysers en die gemeenskap om trots te wees op die uniekheid van hulle kultuur, hulle skool, gemeenskap en Afrikaans as ons moedertaal. Hierdie projek het ook bygedra tot 'n hernieude trots in Afrikaans en leerders geïnspireer om hulle identiteit van wie hulle is en hoe hulle hulself uitdruk, opnuut aan te gryp.

Afrikaans.com het in 2017 'n baie suksesvolle muurkunsprojek by skole in die Wes-Kaap geloods en altesaam 10 mure is uiteindelik met hierdie besondere kunswerke waardeur die lekker en positiewe van Afrikaans uitgelig word, versier.

Wat behels die projek?

Talle leerders het nie gereelde toegang tot Afrikaanse boeke nie en van die skole se hulpbronne is ook dikwels skraps. Met die muurprojek skep ons 'n bewustheid en word leerders aangemoedig om Afrikaans te geniet en te gebruik. Vanjaar se muurkuns bestaan uit helder prente waarmee laerskoolleerders hulself kan vereenselwig en beeld die woorde visueel uit. Die kunswerk het veral ten doel om leerders se verbeelding en 'n liefde vir lees en stories, aan te moedig. Ons probeer ook om deur skenkings 'n leeskultuur aan te moedig en die betrokke skole se biblioteke aan te vul met 'n biblioteek-in-'n-boks.

Die mure word oor twee dae geverf waarna die voltooide muur met ’n spesiale program onthul word. Leerders word aangemoedig om aan die program deel te neem en die program is telkens daarop gerig om te inspireer en leerders daaraan te herinner dat elkeen van hulle sukses kan behaal – solank hulle in hulleself glo en hard werk.

Lees wat sê van die betrokkenes oor die muurkuns:

“Ons wil ons Afrikaanse kinders daarop wys dat ons moedertaal verskeie tonge of tongvalle het en saam ons wonderlike, kleurryke Afrikaans vorm. Voorts wil ons ons kinders lei tot die besef dat Afrikaans se toekoms in hulle hande is, dat hulle dit moet koester, gebruik en bewaar soos ’n kosbare skat.” – **Die Vriende van Afrikaans (VVA)**

“Ons splinternuwe muur bevorder kreatiwiteit ... EN spelling! Die kreatiwiteit spoel deur na die hele gemeenskap. Ons hele area word hierdeur verfraai.” **– Juffrou Veronique Africa van Groenberg Sekondêre Skool.**

“Die Afrikaans.com-muur bring ‘n gevoel van eenheid, hoop en motiveer ons om ons omgewing mooi te hou en beklemtoon die een saambindende faktor: ons taal!" – **Betsie Ryke, bestuurshoof Rural Arts Network (RAN).**

“Die Afrikaans.com-muur is vir ons ’n groot eer. Jul pragtige muurskildery op ons skool se muur is ’n duidelike teken dat die bevordering van Afrikaans by ons ’n eerste prioriteit is ... ons weet hierdie geskiedkundige gebeurtenis het sommer ons leerders se liefde vir Afrikaans versterk en hulle opnuut laat besef dat Afrikaans ’n pragtige taal is ...” **– uittreksel uit briefie van Irista Primêr na muuronthulling.**

René Arendse, projekkoördineerder van die muurkunsprojek sluit af:

Gaan kyk gerus ook hier na foto’s en inligting oor die skole waar daar reeds mure geverf is: http://www.afrikaans.com/news-headlines/waarsitlekka/muurkuns

- **einde**

Vriendelike groete

Rene Arendse

Vir meer oor die muurprojek of vir ’n onderhoud, stuur 'n e-pos aan projekkoördineerder, René Arendse: rene@afrikaans.com

Vir navrae oor Afrikaans.com, stuur ‘n e-pos aan:
Ingrid Erlank

Redakteur: Afrikaans.com

E-pos: ingrid@afrikaans.com